basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2019

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 23 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

  ____________ •________________________________________________

  __________________•______________________________• _______________

  Vlak 2 √√√√

**KOMMENTAAR**
Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. 32/50
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoud-seleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL-struktuur in gedagte in die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole **MOET** gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie — ^
- Verkeerde stelling — ________________
- Irrelevante stelling — |<br>|<br>|
- Herhaling — R
- Analise — A√
- Interpretasie — I√
- Argument — LOA ↕

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**

Vraag herkenbaar in antwoord.
Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument.

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → <br> **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoud-seleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoud-seleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1– 6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: WATTER ROL HET DIE SUID-AFRIKAANSE STUDENTE-ORGANISASIE (SASO) IN DIE BEWUSMAKING VAN SWART SUID-AFRIKANERS GESPEEL?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A - V1]*

- 'Omdat hulle uitgesproke was in hulle kritiek teen die regering se optrede'
- 'Verskeie wit leiers het empatie (simpatie) gehad met die swart saak' (2 x 1) (2)

1.1.2 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 1A - V1]*

- Die Nasionale Party het in 1948 apartheid, wat mense geskei het op grond van hulle ras (Swartes, Indiërs, Kleurlinge en Blankes), as 'n wet ingestel; dit het wette geïmplementeer soos die Groepsgebiede Wet en andere om skeiding van Suid-Afrikaners te verseker
- Rasse diskriminasie waar die apartheidsregering seker gemaak het dat wit Suid-Afrikaners beter werke en geleenthede gehad het as swart Suid-Afrikaners
- Wettige verskansing van wit voorregte in die meeste sfere soos ekonomies, polities en maatskaplik
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*

- Biko en sy kollegas het gevoel dat swart Suid-Afrikaners hulself moes verteenwoordig deur die stigting van SASO
- Om hulle eie organisasie te stig om swart eenheid, selfstandigheid en solidariteit te bevorder omdat swart Suid-Afrikaners nie toegelaat is om 'n rol in blanke politiek te speel nie
- Biko en sy ondersteuners het gevoel dat 'n eksklusiewe slegs-swartbeweging nodig was om swart Suid-Afrikaners bewus te maak van hul regte
- NUSAS het nie langer aan die behoeftes van die swart Suid-Afrikaanse studente voldoen nie
- Om die apartheidsregime/ regering uit te daag met betrekking tot hul rassistiese beleid soos die weiering om gemengde ras akkommodasie of eetfasiliteite toe te laat
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- 'SASO het ... begin om ander swart organisasies bymekaar te bring'
- 'het ... die Swartmense se Konvensie as die politieke organisasie gestig ...' (2 x 1) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- 'Julius Nyerere'
- 'Paulo Freire' (2 x 1) (2)

Kopiereg voorbehou 

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- ‘Skoon water, beskutting en gesondheidsdienste’
- 'bou van klein damme'
- 'die oprigting van skoolgeboue'
- 'verskaffing van medisyne'
- 'sopkombuise'
- 'hulp aan gemeenskappe wat gevestig is'
- ‘geletterdheidsprojek’
- ‘Tuisonderrigskema’ (enige 3 x 1) (3)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*
Die gemeenskapsprojekte het die volgende impak gehad:
- Het swart Suid-Afrikaanse gemeenskappe bygestaan om hulle eie belange vas te stel en hulle eie potensiaal vas te stel
- Het die vertroue en selfvertroue van swart Suid-Afrikaners gewen
- Het 'n praktiese program vir onderwys en die opheffing van swart Suid-Afrikaners voorsien om armoede te verlig en geletterdheid te verbeter deur politieke, ekonomiese en maatskaplike bewuswording
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3

1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 'Toe hy erken het dat agt SASO-leiers verban is omdat hofprosedures hulle 'n platform (publisiteit) sou bied' (1 x 2) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C - V2]*
- Die stellings wat deur swart Suid-Afrikaanse studenteleiers gemaak is kon lei tot die uitbreek van geweld en sou 'n impak gehad het op die veiligheid van wit Suid-Afrikaners
- Pelser beskou die Swartbewussynsfilosofie as ŉ bedreiging en beweer dat die SASO 8 geweld aanstig (daar word verwys na ‘brandstigting, verkragting en bloedige rewolusie)
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 'Dit sou hulle 'n platform (publisiteit) gegee het' (1 x 1) (1)

1.3.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C - V2]*
- Die hardhandige behandeling op swart Suid-Afrikaners deur die apartheidsregime was direk verantwoordelik vir die opkoms van swart nasionalisme
- Die apartheidsregime het aangehou om wit minderhede te ondersteun en beskerm en dit sou lei tot die opkoms van swart nasionalisme (dit lei tot weerstand teen apartheid)
- Afrikaner nasionalisme onderdruk die opkoms van Afrika nasionalisme en dit was verantwoordelik vir die saai van swart nasionalisme
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4

1.4.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*

- Om lede van SASO in te lig oor die verbanning van die agt SASO-leiers
- Om die leiers wat verban is te eer
- Om aan die kaak te stel hoe die apartheidsregime leiers van SASO en die BPC behandel het
- Om swart Suid-Afrikaners aan te spoor om te verenig (gebalde vuis in die lug opgesteek) teen die verbanning van die SASO 8
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*

- Die opgeligte vuis verteenwoordig 'n simbool van mag (‘amandla’)/krag/eenheid
- Verteenwoordig 'n simbool van weerstand/stryd/geveg teen wit oorheersing (apartheid)/veg vir vryheid
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4.3 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van bewyse in Bron 1D – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR want:**

- Dit is die voorblad van 'n SASO nuusbrief (verbande uitgawe) wat in 1973 gepubliseer is
- Dit toon die SASO 8 wat verban is deur die apartheidsregime
- Dit gee insig in hoe die apartheidsregime op SASO 8 reageer het/ dit toon die onsensitiwiteit van die apartheidsregime teenoor swart Suid-Afrikaanse politieke aktiviste
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 1C en 1D – V3]*

- Beide Bron 1C en 1D verwys na die verbanning van die SASO 8
- Bron 1C dui die name van die SASO 8 aan wat verban is en Bron 1D toon die foto's van die SASO 8 wat verban is
- Bron 1C skets die gevolge van die apartheidsregime se poging om swart Suid-Afrikaners te ondermyn en in Bron 1D sien ons die bewyse van swart Suid-Afrikaanse leiers wat die apartheidsregime uitgedaag het
- Bron 1C verwys na 'Swart rewolusie' en in Bron 1D sien ons die voorblad van 'n nuusbrief wat die opgehewe gebalde vuis toon wat die begin van die swart rewolusie/ vryheidstryd impliseer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluasie en sintese van relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Biko was 'n voorstaander van die stigting van SASO as gevolg van 'n tekort aan integrasie van studentepolitiek in Suid-Afrika (Bron 1A)
- SASO was verantwoordelik vir die stigting van BPC in 1972 wat die bewusmaking van swart Suid-Afrikaners aangevoer het deur middel van die Swartbewussynsfilosofie (Bron 1B)
- SASO stig gemeenskapsprojekte wat beïnvloed is deur Julius Nyerere en Paulo Freire (Bron 1B)
- SASO het verskeie selfhelpprogramme regoor Suid-Afrika uitgebrei en gevestig om swart Suid-Afrikaners te help (Bron 1B)
- SASO se gemeenskapsprogramme het die lewensomstandighede van arm swart Suid-Afrikaners verbeter (Bron 1B)
- SASO was ook betrokke in geletterdheidsprogramme en 'n 'Tuisonderrig-skema' om swart Suid-Afrikaners by te staan (Bron 1B)
- SASO het verskeie nuusbriewe gepubliseer om hulle Swartbewussynsfilosofie onder sy lede te versprei (eie kennis)
- Die Minister van Justisie het die SASO 8 verban wat daartoe gelei het dat swart Suid-Afrikaners ontwaak het om weerstand te bied teen die apartheidsregime (Bron 1C)
- Die dade van SB-leiers het swart Suid-Afrikaners geïnspireer om die apartheidsregime uit te daag (Bron 1C)
- Die Maart 1973 nuusbrief van SASO het gedien as 'n inligtingsoordrag oor die verbanning van die SASO 8 (Bron 1D)
- SASO het diskriminasie aan die hand van die apartheidsregime ondervind (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van die rol wat die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) in die bewusmaking van swart Suid-Afrikaners gespeel het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die rol wat die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) in die bewusmaking van swart Suid-Afrikaners gespeel het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van die rol wat die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) in die bewusmaking van swart Suid-Afrikaners gespeel het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6 – 8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD OP POLITIEKE AKTIVIS, ASHLEY KRIEL, HANTEER?**

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A - V1]*
- 'Nasionale Party'
- 'African National Congress' (2 x 1) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A - V1]*
- 'Om Suid-Afrika se gewelddadige en onderdrukkende (wreedaardige) verlede te hanteer'
- ' 'n Manier om nasionale eenheid en versoening te bevorder' (2 x 1) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- Die WVK het nie die tyd of hulpbronne gehad om die gruweldade wat vanaf die instelling van apartheid gepleeg is te ondersoek nie
- Gedurende 1960 tot 1994 het 'n groot aantal politieke gruweldade/moorde in Suid-Afrika plaasgevind (van die Sharpeville slagting tot demokrasie)
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.1.4 *[Verduideliking van 'n historiese konsep in Bron 2A - V1]*
- Die toestaan van amptelike kwytskelding aan persone wat politieke moorde gepleeg het
- Die toestaan van amptelike kwytskelding aan oortreders wat hulle gruweldade, wat hulle om politieke redes gepleeg het, ten volle onthul het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- Sodat 'n regverdige oordeel gemaak kon word
- Om die waarheid aan te hoor oor gruweldade wat gedurende die apartheidsregering gepleeg is sodat die gepaste besluit/beslissing deur die WVK gemaak kon word
- Om toe te laat dat die stem van slagoffers en oortreders gehoor kan word sodat genesing en afsluiting bereik kon word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B - V1]*
- '9 Julie 1987'
- 'Kaapse Vlakte' (2 x 1) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B - V1]*
- 'held'
- 'kampioen'
- 'stryd-ikoon'
- ‘gebore leier’
- ‘vurig’
- ‘vrolik’ (enige 2 x 1) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*
- Ashley Kriel was 'n anti-apartheidsjeugleier/ politieke aktivis, vryheidsvegter in Kaapstad
- Hy het die ANC ondersteun in sy stryd teen apartheid
- Hy het organiserings-vaardighede gehad en het die jeug verenig om die apartheidsregime uit te daag
- Hy het by die gewapende vleuel (MK) van die ANC aangesluit
- Die apartheidsregering het Kriel gesien as ʼn bedreiging in die bydrae om Suid-Afrika 'onregeerbaar' te maak
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B - V1]*
- 'het die meeste van sy tyd bestee om ... weg te kruip'
- 'met die graaf geslaan'
- 'Kriel vermoor is'
- 'wreedaardig gemartel'
- 'in die rug geskiet' (enige 2 x 1) (2)

2.3

2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- 'Peter Jacobs'
- 'Ashley Forbes'
- 'Anwar Dramat'
- 'Tony Yengeni'
- 'Gary Kruse'
- 'Niclo Pedro'
- 'Allan Mamba' (enige 2 x 1) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*

**GEREGVERDIG** omdat:
- Benzien voor die WVK verskyn en sy rol in die moord op Ashley Kriel erken het (het ʼn volle onthulling gedoen)
- Benzien nie uit sy eie opgetree het nie (polities gemotiveerd)/hy bloot die instruksies van die leiers van die apartheidsregering geïmplementeer het
- Enige ander relevante antwoord

**NIE GEREGVERDIG NIE** omdat:
- Benzien nie die waarheid gepraat het oor die rol wat hy in die moord op Ashley Kriel gespeel het nie
- Daar oorgenoeg bewyse was wat getoon het dat Kriel wreedaardig gemartel is toe hy deur Benzien geskiet is
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.4 *[Vergelyking van bewyse in Bron 2B en 2C – V3]*
- Bron 2B stel dit dat Ashley Kriel wreedaardig gemartel en vermoor is terwyl Benzien in Bron 2C ontken dat hy Kriel 'onregmatig en verkeerdelik' doodgemaak het
- Ashley Kriel se susters sê in Bron 2B dat hy geskiet is deur Jeffrey Benzien terwyl Benzien in Bron 2C ontken dat hy verantwoordelik was vir die moord op Kriel
- Source 2B staaf dat Ashley Kriel op 9 Julie 1987 doodgemaak is en Bron 2C staaf dat Kriel op 15 Julie 1987 doodgemaak is
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.5

2.5.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*

- Die WVK het die familie van Ashley Kriel gefaal toe amnestie aan Benzien toegestaan is
- Benzien wat verantwoordelik was vir die moord op Ashley Kriel is toegelaat om vry weg te stap
- Die familie en vriende van Kriel het nie afsluiting verkry met betrekking tot die omstandighede van sy dood nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5.2 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van bewyse in Bron 2D – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR want:**

- Dit toon dat mense teen die WVK se beslissing met betrekking tot Ashley Kriel se dood geprotesteer het
- Dit toon dat nie alle mense saamgestem het met die WVK se bevinding met betrekking tot die moord op politieke aktiviste soos Kriel nie
- Dit beklemtoon hoe mense gevoel het oor die WVK en hoe hulle die oortreders van politieke geweld gehanteer het soos diegene wat vir Kriel se dood verantwoordelik was
- Die bron ooreenkom met ander bronne om aan te dui hoe die WVK die moord op Kriel hanteer het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluasie en sintese van relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die WVK is gestig om vas te stel hoe politieke aktiviste vermoor is (Bron 2A)
- Die WVK is gestig om nasionale eenheid en versoening te bou om die 'aard, gebeure en mate van growwe menseregteskendings' wat tussen 1 Maart 1960 en 10 Mei 1994 deur die apartheidsregime gepleeg is (Bron 2A)
- Die WVK het openbare verhore gehou waar beide die slagoffers en oortreders van politieke misdade 'n kans gekry het om hulle storie te vertel (Bron 2A)
- Die WVK het openbare verhore gehou by die Bellville Gemeenskapsentrum in Kaapstad om te luister na die getuienisse oor hoe Kriel vermoor is (Bron 2C)
- Jeffrey Benzien het in Kaapstad voor die WVK verskyn om getuienis te lewer met betrekking tot die moord op Ashley Kriel (Bron 2C)
- Die WVK het amnestie aan Benzien vir die moord op Kriel toegestaan (Bron 2C)
- Die WVK het 'n platform gebied vir die ontmoeting van oortreders en slagoffers sodat genesing kon plaasvind (Bron 2C)
- Die WVK het 'n platform vir genesing en versoening gebied toe hulle toegelaat het dat beide slagoffers en oortreders ontmoet (eie kennis)
- Die betogers was ongelukkig oor die uitspraak van die TRC met betrekking tot die moord op Kriel (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe die Waarheids-en-Versoenings-kommissie die moord op politieke aktivis, Ashley Kriel, hanteer het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie die moord op politieke aktivis, Ashley Kriel, hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie die moord op politieke aktivis, Ashley Kriel, hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6 – 8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: WATTER IMPAK HET DIE 2018 BRICS-SPITSBERAAD OP SUID-AFRIKA GEHAD?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Brasilië'
- 'Rusland'
- Indië'
- 'China'
- 'Suid-Afrika' (enige 3 x 1) (3)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Sandton Konvensie-sentrum'
- 'Johannesburg' (enige 1 x 1) (1)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'ontwikkelingsuitdagings'
- 'groei van hulle ekonomieë'
- 'aanpak van armoede'
- 'werkloosheid' (enige 3 x 1) (3)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2]*
- Om inklusiewe ekonomiese groei in ontwikkelende lande teweeg te bring
- Om handel tussen opkomende en ontwikkelende lande te verseker
- Om beleggings onder BRICS-lande te verhoog
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*
- Dit toon die leiers van hulle onderskeie lande wat die 10de BRICS-spitsberaad in Suid-Afrika bywoon
- Dit dui op 'n noue en vriendelike verhouding tussen leiers van die BRICS-lande
- Dit dui 'n mate van eenheid/samewerking onder die verskillende leiers van BRICS aan
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*
- Dit vertoon eenheid onder BRICS-leiers
- Dit vertoon krag en solidariteit tussen verskeie leiers
- Dit vertoon 'n gevoel van kameraadskap tussen BRICS-leiers
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3A en 3B – V3]*
- Beide Bron 3A en 3B beweer dat die 10$^{de}$ BRICS-spitsberaad in Sandton/Suid-Afrika gehou is
- Bron 3A meld dat BRICS uit vyf lidlande bestaan en Bron 3B toon die bewyse van die vyf BRICS-leiers
- Beide Bron 3A en 3B dui samewerking en eenheid onder BRICS-lede aan
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4
3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- 'Arm Suid-Afrikaners'
- 'Werklose Suid-Afrikaners' (enige 2 x 1) (2)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C - V2]*
- Daar is verwag dat nuwe werksgeleenthede in Suid-Afrika geskep sou word
- Om die ekonomie van Suid-Afrika 'n hupstoot te gee
- Om armoede te verlig
- Om handelsbetrekkinge onder BRICS te bevorder
- Om minder afhanklik te wees van Westerse kapitalistiese befondsing
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C - V2]*
- Daar is verwys na Suid-Afrika as die 'niegunsteling', want dit het die kleinste BBP/ekonomie in vergelyking met ander BRICS-lede
- Dit het die kleinste bevolking vandaar het dit beperkte koopkrag
- Suid-Afrika het nie die fiskale en ekonomiese spierkrag in vergelyking met ander BRICS-lidstate nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.4.4 *[Vasstelling van die beperking van bewyse in Bron 3C – V3]*
**Die bron het BEPERKINGS want:**
- Dit gee slegs die siening van Suid-Afrikaanse analiste (eensydig)/dit gee 'n pro BRICS-siening
- Daar is geen aanduiding van watter ooreenkomste geteken is nie
- Die beleggingstransaksies het nie vermeld watter sektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie by BRICS sou baat gevind het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5
3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D- V1]*
- 'Die uitdaging vir Suid-Afrika is dat BRICS Suid-Afrika se binnelandse ekonomie kan ondergrawe en die werkloosheid van sy burgers direk kan affekteer'
- 'Baie produkte van BRICS-lande ding mee met dié van Suid-Afrika'
- 'BRICS en Westerse kapitalistiese lande teiken almal Afrika se hulpbronne, wat 'n direkte bedreiging vir Suid-Afrika se ekonomie inhou' (enige 2 x 1) (2)

3.5.2 *[Verduideliking van 'n historiese begrip in Bron 3D - V1]*
- Slegs 'n paar beheer die produksie/privaateienaarskap en wins-maksimalisering is die sleutel
- Dit floreer op die uitbuiting en besering van werkers
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D - V1]*
- 'Strukturele hindernisse'
- 'swak ekonomiese en politieke beleid'
- 'leiers se gebrek aan verbeelding het Suid-Afrika se groei beperk'

(enige 1 x 1) (1)

3.5.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3D- V2]*

- Die instelling van hoë tariewe op Suid-Afrikaanse produkte het dit moeilik vir Suid-Afrika gemaak om die markte van BRICS-lidlande te betree
- Suid-Afrika het deursigtigheid benodig op hoe tariefskedules en verborge interne belasting van BRICS-vennote geïmplementeer is
- Goedkoop goedere is na Suid-Afrika uitgevoer wat 'n negatiewe impak op Suid-Afrika se vervaardigingsindustrie gehad het en gelei het tot hoë werkloosheidsvlakke
- Suid-Afrika het BRICS-lede maklike toegang tot sy markte aangebied
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluasie en sintese van relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die 10$^{de}$ BRICS-spitsberaad wat in Suid-Afrika gehou is, het samewerking tussen BRICS-lande vertoon – dit het 'n positiewe impak op Suid-Afrika gehad (Bron 3A)
- Die beleggingstransaksies wat Suid-Afrika onderteken het met BRICS pak Suid-Afrika se swak ekonomie, waarvan verwag is om meer werksgeleenthede te skep, aan (Bron 3C)
- China het 'n verbintenis aangegaan om $14,7 miljard (R196 miljard) uit te betaal om investering in Suid-Afrika te befonds (Bron 3C)
- Strukturele hindernisse, swak ekonomiese en politieke beleid en die tekort aan verbeelding in leierskap het Suid-Afrika se groei belemmer (Bron 3D)
- Daar is ook 'n aantal uitdagings uitgelig soos hoë tariefgrense, tekort aan deursigtigheid en versteekte interne belasting wat aangespreek behoort te word (Bron 3D)
- Dit toon dat Suid-Afrika nie afhanklik is van sy vorige handelsvennote die VSA en Verenigde Koninkryk om ekonomiese bystand te verkry om sy ekonomie te bou (eie kennis)
- Suid-Afrika se lidmaatskap van BRICS vertoon sy onafhanklikheid om ekonomiese bande met enige ander ekonomiese blok aan te gaan (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van die impak wat die 2018 BRICS-spitsberaad op Suid-Afrika gehad het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die impak wat die 2018 BRICS-spits-beraad op Suid-Afrika gehad het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van die impak wat die 2018 BRICS-spitsberaad op Suid-Afrika gehad het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6 – 8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik tot watter mate boikotte, disinvestering en sanksies deur die internasionale anti-apartheidsbewegings verantwoordelik was vir die val van PW Botha se regime in die 1980's.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle opstelle insluit:

- Inleiding: Kandidate moet verduidelik tot watter mate boikotte, disinvestering en sanksies deur die internasionale anti-apartheidsbewegings verantwoordelik was vir die val van PW Botha se regime in die 1980's.

UITBREIDING

- Redes vir die intense druk deur die Anti-Apartheidsbeweging (AAM) in die 1970's en 1980's in antwoord op PW Botha se hervormings in Suid-Afrika (Agtergrond kortliks)
- In die1980's het die International Defence and Aid Fund (IDAF) fondse beskikbaar gestel vir noodtoestand inhegtenisnemings/smokkel R200 miljoen na Suid-Afrika/ skep 'n netwerk van donateurs wat die vrylating van politieke gevangenes befonds het/Vanaf Januarie 1985 het IDAF 16 551 regsake (bv. detensies, gewone wetsvervolgings van straat-aktiviste) befonds
- **Sportboikotte:** In 1981 het Nieu-Seeland teen die 'rassistiese' Springboktoer geprotesteer/die Suid-Afrikaanse Sportraad (SACOS) het politieke skakels met die UDF en COSATU tot stand gebring/slagspreuk 'Geen normale sport in 'n abnormale gemeenskap' nie/Teen die laat 1980's is SA verban uit 90% van wêreldsport
- **Kulturele Boikotte:** Internasionale kunstenaars – slegs nie-segregasie gehore/ Kunstenaars teen Apartheid is in Brittanje gestig deur Dali Tambo en Jerry Dammers/Die British Actors' Union Equity het die gebruik van televisieprogramme wat sy lede ingesluit het, verbied/In 1985 het die VSA se 'Artists United against Apartheid' geweier om in Suid-Afrika op te tree en het geld vir bevrydingsbewegings ingesamel/Die 1986 Freedom Festival in Londen is deur 'n gehoor van 250 000 bygewoon/musikante het hulle solidariteit met die mense in SA getoon/sprekers van die ANC, SWAPO en die British Anti-Apartheid Beweging het die skare toegespreek
- **Akademiese Boikotte:** Geleerdes het geweier om na Suid-Afrika te reis/Uitgewers het geweier om Suid-Afrikaanse manuskripte te publiseer en om toegang te gee tot informasie/Internasionale konferensies het Suid-Afrikaanse geleerdes verbied/ Buitelandse instellings het Suid-Afrika akademiese toegang geweier en het geweier om Suid-Afrikaanse grade te erken/Buitelandse skole het geweier om as eksterne eksaminators op te tree vir tesisse wat by SA universiteite voorgelê is/Trinity College het sy fakulteite verbied om met Suid-Afrikaanse universiteite saam te werk

- **Verbruikersboikotte:** Suid Afrika het 'n ekonomiese resessie gedurende die 1980's beleef/anti-apartheidsgroepe het die publiek aangemoedig om SA produkte te boikot/ Ierse werkers het geweier om vrugte uit Suid-Afrika te hanteer/Invoer van natuurlike produkte uit Suid-Afrika – steenkool, yster, staal – is verbied
- **Disinvestering:** Dit was as gevolg van die Soweto-opstand en die dood van Steve Biko/ Swede was die eerste industriële land wat in SA desinvesteer het/In die 1980's het buitelandse beleggings met 30% gedaal/ Teen 1980 het Brittanje alreeds van die Simonstad marinewerf (hawe) disinvesteer/General Motors en Barclays Bank het uit Suid-Afrika onttrek/In die 1980's het die Suid-Afrikaanse ekonomie gesukkel omdat beleggers die land verlaat het/Die rand is gedevalueer/ Die uitwerking van die AAM protesaksie het 'n negatiewe effek op die Suid-Afrikaanse regering/Tussen 1985 en 1990 het meer as 200 Amerikaanse maatskappye uit Suid-Afrika onttrek/Die Universiteit van Kalifornië het beleggings van meer as drie miljard dollars uit Suid-Afrika onttrek
- **Sanksies:** In 1980's het die Sullivan Principle (werkers van alle VSA maatskappye moet gelyk behandel word) die basis gevorm vir desinvestering-veldtogte/Leerders-opstande in die 1980's het die onttrekking van VSA handelsmaatskappye aangevuur/In 1982 het die Verenigde Nasies (VN) apartheid veroordeel en gevra vir sanksies teen SA
  - In 1985 het Amerikaanse Bank – *Chase Manhattan* Bank bande met Suid-Afrika verbreek/Die Johannesburgse Aandelemark (JSE) het vir vier dae gesluit/ Die waarde van die rand het gedaal met 35% van 54 tot 34 sent teenoor die dollar/In 1985 het die Europese Ekonomiese Gemeenskap nuwe beleggings in SA verban
  - In 1986 het die VS Kongres 'n wet aanvaar wat alle nuwe beleggings en lenings in Suid-Afrika verbied het/Groot maatskappye soos General Electric, Pepsi Cola, General Motors, Mobil en IBM het hul aktiwiteite in Suid-Afrika gestop/ Die VSA het gedreig om wapen-verkope aan Suid-Afrika te staak/In 1986 het die Anti-Apartheidswet van die VSA veroorsaak dat Europa en Japan sanksies teen Suid-Afrika instel/Internasionale banke het vertroue in Suid-Afrika se ekonomie verloor
  - In 1987 het Israel gestem om nie langer hulle bestaande verdedigingskontrakte met SA te verleng nie/In 1988 het een vyfde van Britse en 184 van Amerikaanse maatskappye uit SA onttrek as gevolg van druk van aandeelhouers/Barclays Bank het sy aandele verkoop as gevolg van druk van die Britse publiek/Die SA ekonomie het aanhou stagneer en het slegs 'n groei van 1.1% getoon
- **Die rol van Internasionale Vakbonde:** Die AAM het 'n handelsverbod op SA geplaas/Die Ierse Kongres van Vakbonde het die apartheidsregime in SA teëgestaan
- Politieke en finansiële krisis in SA het aangehou/Westerse nasies het groot druk op SA geplaas om apartheid te beëindig/Die apartheidsregime het geen keuse gehad as om in alle erns onderhandelings met anti-apartheidsorganisasies te begin nie
- **Die veldtog om Mandela vry te laat:** Wembley Stadium/Verenigde Nasies/VN Veiligheidsraad en VN Algemene Vergadering het 'n oproep gedoen om die vrylating van Nelson Mandela
- **Die rol van die frontliniestate:** Verskaf basisse vir opleiding van vryheidsvegters; veroordeel Suid-Afrika se apartheidsbeleid by die VN
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**VRAAG 5**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet die rolle wat verskillende politieke organisasies gespeel het in die in die bemeestering van die uitdagings wat Suid-Afrika tussen 1990 en 1994 in die gesig gestaar het krities bespreek.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle opstelle insluit:
- Inleiding: Kandidate moet die rolle wat verskillende politieke organisasies gespeel het in die in die bemeestering van die uitdagings wat Suid-Afrika tussen 1990 en 1994 in die gesig gestaar het krities bespreek.

UITBREIDING
- Die Nasionale Party se besluit om leiers van die ANC in 1990 vry te laat
- Ontbanning van politieke en burgerlike organisasies, die ANC en SAKP deur die NP
- NP se besluit om Nelson Mandela vry te laat
- Rol van Nelson Mandela nadat hy vrygelaat is uit die gevangenis in Februarie 1990
- Groote Schuur Minuut, 2 Mei 1990 - NP laat politieke gevangenes vry (Samesprekings tussen die ANC en NP) (Rol van verskeie politieke organisasies)
- Geweld in die Vaal-driehoek (Rol van verskeie politieke organisasies)
- Pretoria Minuut in Augustus 1990 – (Rol van verskeie politieke organisasies)
- Vergadering van politieke partye – KODESA 1 (20 Desember 1991) (Rol van verskeie politieke organisasies)
- Die Declaration of Intent (Rol van verskeie politieke organisasies)
- Aanhoudende geweld op pendelaartreine op die Rand (Rol van verskeie politieke organisasies)
- KODESA 2 (2 Mei 1992) – aanhoudende massa-aksie om die onderhandelingsproses te versnel (Rol van verskeie politieke organisasies)
- Boipatong-slagting en sy gevolge (17 Junie 1992) (Rol van verskeie politieke organisasies)
- Rol van die ANC in die uitroep vir aanhoudende massa aksie teen die Nasionale Party
- Bhisho-slagting (Gqozo) en die rol van verskeie politieke organisasies om dit op te los (7 September 1992)
- Memorandum van Begrip I September 1992 – Meyer en Ramaphosa (Rol van verskeie politieke organisasies)
- Veelparty Onderhandelingsforum – die AWB se aanval op die Wêreldhandelsentrum (Rol van verskeie politieke organisasies)
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) (Rol van verskeie politieke organisasies)
- Die rol wat leiers van politieke organisasies gespeel het om die IVP, PAC en regse organisasies te kry om deel te neem in Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing
- Datum vir die eerste demokratiese verkiesing is vasgestel (27- 29 April 1994) (Rol van verskeie politieke organisasies)
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**VRAAG 6**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling nie. Indien hulle saamstem met die stelling, moet hulle verduidelik hoe die val van die Berlynse Muur in 1989 daartoe gelei het dat politieke vyande, die Nasionale Party en die African National Congress samesprekings begin het. Indien hulle nie saamstem met die stelling nie, moet hulle hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle opstelle insluit:

- Inleiding: Kandidate kan bespreek hoe die val van die Berlynse Muur in 1989 daartoe gelei het dat politieke vyande, die Nasionale Party en die African National Congress samesprekings begin het en hoe hierdie samesprekings gelei het tot politieke verandering in Suid-Afrika.

UITBREIDING
- Die impak van Glasnost en Perestroika
- Die Sowjetunie disintegreer teen die einde van 1989 en word nie langer beskou as 'n supermoondheid nie
- Kommunisme word nie langer gesien as 'n 'wêreldwye bedreiging' nie
- Die val van die Berlynse Muur in Junie 1990
- Suid-Afrika kon nie langer die bedreiging van kommunisme gebruik om Westerse ondersteuning te verkry nie
- Suid-Afrika kon nie langer op Westerse ondersteuning staatmaak nie vir sy 'anti-kommunistiese' standpunt nie
- Wêreldpolitiek het verander en dit het 'n impak gehad op Suid-Afrika se apartheidsbeleid
- Die apartheidsregime kon nie langer kommunisme gebruik om hulle beleid of rasse segregasie te regverdig nie
- Die Nasionale Party se bewering dat hulle Suid-Afrika teen 'n kommunistiese aanslag beskerm het onrealisties geraak
- Die Nasionale Party se bewering dat hulle die Kaapse seeroete beskerm teen kommunisme het naïef begin raak
- Die VSA en sy bondgenote kon nie langer aanhou om die apartheidsregime te ondersteun nie
- Die val van die USSR het ook die ANC beïnvloed
- Die USSR kon nie langer die ANC finansieel ondersteun nie omdat hulle bankrot was
- Die USSR sou nie meer die ANC met wapens ondersteun nie omdat vreedsame samesprekings vir hulle belangriker was
- Die val van die Sowjetunie het druk op beide die Nasionale Party en die ANC geplaas om samesprekings te begin
- Die Slag van Cuito Cuanavale het die Nasionale Party aangespoor om samesprekings oor die onafhanklikheid van Namibië met kommuniste te begin
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party-regering nie langer wit oorheersings-regering kon handhaaf nie

- Invloedryke Nasionale Party-lede het begin besef dat apartheid nie die antwoord was vir die ontwikkeling van 'wit' ekonomiese belange nie
- Daar was geen twyfel meer dat die aanhoudende onderdrukking van swart Suid-Afrikaners nie politieke stabiliteit sou verseker nie
- Die regering het begin glo dat die ontwikkeling van 'n sterk swart middelklas wat sou dien as 'n 'skans teen rewolusie' ingesluit moes word in hervorming
- Die veiligheidsmagte en daaropvolgende noodtoestand het nie die township opstande gestop nie
- Teen die laat 1980's was die Suid-Afrikaanse ekonomie in 'n staat van depressie
- PW Botha het 'n beroerte gekry en is opgevolg deur FW de Klerk
- FW de Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid nie 'n sameweringsopdrag was wat van Moskou af gekom het nie
- Dit het vir De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies betrokke te raak om 'n blywende oplossing vir Suid-Afrika te vind
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk die ontbanning van alle anti-apartheidsorganisasies aangekondig en dit het die weg gebaan vir veelparty-samesprekings
- Hierdie samesprekings het uiteindelik gelei tot demokratiese verkiesings wat in 1994 gehou is
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAL: 150**

Kopiereg voorbehou